RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

RingbalSA/Omsendbrief 7/2014

11 Junie 2014

Aan: Provinsiale federasies
Distrikte
Verenigings
Uitvoerende bestuur (ter kennisname)

Is: Algemene inligting

1. **Fotograaf**

   RingbalSA het weer kontrak geteken met ‘n fotograaf vir die nasionale kampioenskappe. Geen ander amptelike fotograaf mag dus tydens die kampioenskappe foto’s neem nie. Dit is ook verpligtend dat alle distrikte en federasies hul spanfoto’s by hom laat neem. Die fotograaf gaan tydens die kampioenskappe ook aksiefoto’s neem en verkoop. Hy vat ‘n drukker saam en die aksiefoto’s sal onmiddelik beskikbaar wees. Die spanfoto’s sal voor die Saterdag op die toernooi beskiksbaar wees.

2. **Klubkampioenskappe**: Die klubkampioenskappe van hierdie jaar is gewen deur:

Dames	Noordheuwel (GSW)
Mans	Olympia (GN)

   Ons wens hierdie spanne en distrikte baie geluk.

3. **Uitstapdrag**: Nadat die bestuur gekyk het na die uitstapdrag van ander sportsoorte, met die klem op die baadjies, is die besluit geneem dat dit sal verander.
   Die uitstapdrag sal van nou af soos volg lyk:

   Uitvoerende bestuur: Charcoal langbroek/romp, swart skoene, voorgeskrewe wit hemp en navy baadjie.

   SA spanbestuurders, keurders en alle ander beamptes: Op hierdie stadium sal die uitstapdrag vir hierdie groepe dieselfde bly, met die verskil dat die groen of blou baadjies nie meer gedra sal word nie, maar wel ‘n sweetpakbaadjie/”padded jacket”. Dus, stone langbroek/romp, donkerbruin skoene, wit hemp en sweetpakbaadjie.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

SA spelers: Sweetpakke. Die sweetpak sal dus nou dien as amptelike uitstapdrag vir alle spelers. Dus word daar geen baadjies meer aan enige iemand toegeken nie en die groen baadjies sal nou toegeken word slegs aan senior spanne wat in die buiteland gaan speel. Daar sal wel 'n ander tipe top aan die senior SA mans- en damespanne gegee word.

4. **SA-uitstalling**: Tydens die nasionale kampioenskappe gaan daar 'n plek wees waar ons 'n uitstalling gaan hê van die geskiedenis van korfbal/ringbal. Enige speler/beampte wat foto's het of SA-/springbok-speelklere of enige iets anders wat getuig van ons geskiedenis word gevra om dit asb. vir ons te leen om in hierdie uitstalling te gebruik. Dit sal goed opgepas word en toegesluit word in die aande. Laat weet my asb. as julle enige iets het wat ons daar kan uitstal.

5. **Studentewedstryd**: Daar sal weer studentewedstryde gespeel word op die toernooi in die tyd voor die prysuitdeling en spanaankondiging. Alle studente wat belangstel om in hierdie wedstryde te speel, moet asb. hulle name, tersiêre instansie en studentenommer aan my stuur.

6. **Parkering**: Daar is heelwat mense wat vra of hulle parkeerkaartjies vir die week van die toernooi kan koop. Hierdie kaartjies sal die Sondag voor die begin van die toernooi by die bane beskikbaar wees om te koop teen R100 per kaartjie

7. **Meeternommers***:* Daar sal voortaan nie meer van meesternommers gebruik gemaak word nie. Meesters sal nou op hulle distriknommers gekeur word en meester mans wat in die veterane B-liga speel waarin hulle gekeur sal word, sal ook 'n band om die arm kry wat hulle van die veterane sal onderskei om die keuringsproses vir die keurders makliker te maak. Almal moet dus asb so gou moontlik vir ons alle getalle van die meester mans in hulle distrikte wat vir keuring in aanmerking kom, deurstuur.

Letitia Greenberg

SEKRETARIS-GENERAAL